

PREEK
8 APRIL 2018

Teks: Matt 15: 21-28 / 28:20 / Joh 10:16 / Hand 1:8, ens
Tema: Jesus **net na die Jode** wat afgedwaal het, gestuur?

Om Bybeltekse of gedeeltes van die Bybel in isolasie en los van die breër konteks van die Bybelse verhaal te lees, is uiters gevaarlik en lei kort voor lank tot teologiese dwaling. Matt. 15:24 is een so 'n voorbeeld.

Hier vind ons Jesus en Sy dissipels op 'n uitreik in die streke van Tirus en Sidon. Hy is daarheen nadat Hy volgens Matteus vanaf Gennesaret waar Hy mense genees (14: 34-36) met die skrifgeleerdes in 'n debat was oor een van die oorgeleerde gebruike van die voorgeslagte; nl. wat maak 'n mens rein/onrein (15: 1-20). Nou daag daar **onverwags** (vs 22) 'n Kanaänitiese vrou op. Sy het 'n krisis. Haar dogter is in die mag van 'n bose gees en haar toestand is kritiek. Dit is duidelik dat die dissipels geïrriteerd is met dié vrou se aanhoudende geneul om hul ore en hulle versoek Jesus om haar weg te stuur. Jesus se reaksie is vreemd: Hy antwoord haar nie en dan maak hy 'n opmerking teenoor sSy dissipels: "Ek het net na die verlore skape van die volk Israel toe gekom". As ons Matt 10:5-10 lees, klop dit met wat Jesus daar vir sy dissipels sê. Hy stuur hulle daar op 'n uitreik. Nadat Hy duidelike instruksies oor die **wat** (vs 7) en die **hoe** (vs 8) gee, verbied Hy hulle uitdruklik om "**nie met 'n pad na die heidennasies toe af te draai of in 'n dorp van die Samaritane in te gaan nie**" (vs 5b). Nou is die vraag: Hoe is enersyds die opmerkings van Jesus in Matt 15:24 en 10: 5b te ruim met sy opdrag in Matt 28:20: "Gaan en maak dissipels van **al die nasies**: doop hulle en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het". Weerspreek Jesus Homself? Is daar met ander woorde onversoenbare teenstrydighede in die Matteus-verhaal wat dié verhaal en vir alle praktiese redes dan die res van die Bybelverhaal onbetroubaar maak.

Matteus skryf sy Evangelie aan 'n primer Joodse gehoor. Is dit Sy bedoeling om hul sentiment dat die God van Abraham, Isak en Jakob uit wie se nageslag Jesus gebore is, eksklusief hulle God is en dat Jesus dus net hul Verlosser is, te bevestig en te versterk? As ons Matt 15: 24 net teen die agtergrond van Matt 10:56 lees, wil dit so lyk. Maar daar is 'n breër bybelse agtergrond waaraan so 'n aanname getoets moet word. In Gen 12-24, wanneer die goeie skepping as gevolg van die sondeval uitmekaar val (Gen 3-11) begin God weer met 'n nuwe skepping. Hy roep Abraham en maak Sy plan vir dié wêreld in Gen 12: 1-3 aan hom bekend. Deel van dié plan is dat God die vloek wat Hy na die sondeval (Gen 3) oor almal en alles uitgespreek het (Gen 3: 14-19) met seën wil vervang. In Gen 12:3 lees ons: "**In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.**" Die Ou Testament vertel die verhaal hoe die profete die volk Israel gedurig daaraan moes herinner dat God nie hul "eiendombesit" was nie (Sef 3;9, Sag 8;23 ens.). Maar hulle het nie verstaan dat God hulle uitverkies het om Sy lig in die donker wêreld so te skyn dat ander volke net soos Rut ook hul stom afgode vir die enigste ware God sou verruil nie (Rut 1:16). Jona verteenwoordig dié foutiewe God-is-net-my/ons God teologiese denke van die Ou Testament. God laat Hom egter nie kaap nie. Toe Israel Sy plan so in die wêreld ry, stuur Hy Jesus, die langverwagte Messias om sy belofte van seën aan Abraham terug te bring na die wêreld.

Dit was God se agape-liefde vir die in-sonde- vervalde wêreld wat Hom daartoe gedryf het (Joh 3:16-17). Aan die kruis, so het ons Paas-Vrydag gesien, het Jesus die vloek wat God met die sondeval oor die skepping uitgespreek het, weggeneem. Gal 3:13 sê: "**Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word.**" En die verrassende effek hiervan spel Paulus dan in vers 3:14 verder uit: "**daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het....**"

Met dié breër teologiese raamwerk in gedagte is ons terug by ons teksgedeelte. Jesus se opmerking teenoor Sy dissipels dat Hy net na die Jode wat afgedwaal het, gekom het, is nie in stryd met Sy opdrag in Matt 28:20 waar Hy nie-Jode insluit by sy Verlossingsplan nie.

Wanneer Hy die vrou aanspreek en van 'n maaltyd metafoor gebruik maak, klink dit wel of Hy die eksklusiewe God-is-my/ons (=Jode) God teologie verdedig (vs 26). Die vrou is egter nie op haar mond geval nie. Sy wil Jesus nie ook kaap nie. Krummels is genoeg. Met ander woorde net 'n kort oomblik van sy tyd en 'n enkele woord van Sy kant is al wat sy vra. Sy is tevrede met die krummels by Sy voete waar Hy aan tafel is met sy Joodse gaste. Sy soek nie 'n sitplek aan die tafel nie. In haar optrede sien Jesus 'n vrou met "groot geloof", (vs

28). Dit is geloof wat weet dat min oorgenoeg is. Die soort geloof is volledig weggedraai van die self met sy ek/my- aansprake, van eie vermoë wat nou gerig is op genade, onverdiende guns van Bo. So maak Jesus die Kanaänitiese vrou deel van Sy tafel-gemeenskap. Hy sluit haar in soos wat hy die barmhartige Samaritaan insluit by sy verhale van koninkryksrolmodelle (Luk. 10: 25-37) en die Samaritaanse vrou en haar familie/vriende by sy dissipelkring (Joh. 4).

Die insig het eers later vir sy dissipels en mede Jode deurgebreek nadat die Heilige Gees uitgestort is. In Hand. 10:34 bely Petrus: **“Ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar in enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is.”** Dit was Petrus se rasbekering ‘n bekering lank na sy bekering uit sonde. Hierna was dit nie vir hom ‘n probleem om die oorvloed van sy “maaltyd” ook met nie-Jode te deel nie (Hand 15: 7-9). Later, na sy Damaskus-bekering, sluit Paulus en die leierpsan van die Apostels (Petrus, Johannes en Jakobus) ‘n vennootskap. Terwyl hy (=Paulus) na die nie-Jode uitreik, sou Petrus-hulle na die Jode uitreik (Gal 2:7-10). Die vennootskap stel dié twee groep nie teenoor mekaar op nie, maar dit was om praktiese redes ‘n ordelike werksverdeling. Die vraag is nou: Wat wil die Here vir ons uit sy hantering van die insident met die Kanaänitiese vrou leer.

1. Wees versigtig om enige bybelteks in isolasie te lees, te interpreteer en as hele waarheid te verstaan. Toets dit aan die res van die bybelse verhaal en kyk hoe en waar dit inpas by die groter geheel.
2. Ons word geroep om Jesus te volg. Die kreatiewe manier waarop Hy die gesprek met die vrou aanknoop, skep ‘n ruimte waar sy vrymoedigheid het om haar nood op die tafel te sit. Sy soek hulp en ontvang toe meer. Die woord “honde” is deur Jode gebruik om nie-Jode aan te spreek. Dit onderstreep, sosiale uitsluiting, afstand en meerderes teenoor minderes. Die honde (=nie-Jode) hoort buite. Jesus versag nou die woord. Hy praat van “hondjies”. Die vrou sien hoe Jesus die deur op ‘n skrefie oopmaak en sy glip in. Nou is die honde nie buite nie, maar die hondjies tel krummels onder die tafel op. Hulle is binne. Sy voel ingesluit. En Jesus bevestig dit deur die fokus van die maag (eet van krummels) na die hart (=geloof) te verskuif. ‘n Nuwe dissipel is pas gewerf. Een van buite die tradisionele sirkel.
3. Matteus lewer geen kommentaar op die verdere reaksie van die dissipels nie. Hoekom nie.? Hy laat dit aan ons as lesers oor om self die vraag uit te werk en onself daaraan te toets. Waar staan ons elkeen m.b.t. besitreg op God. Hoe ons oor die saak dink, bepaal hoe ons teenoor die wat buite staan gaan optree.
4. Dat Jesus sy dissipels nie oor die kole haal toe hulle ongasvry teenoor die vrou opgetree het nie beteken nie dat Hy hul gedrag goedkeur nie. Hy is geduldig met die wat hom volg, want Hy weet daar sal ‘n dag aanbreek dat die skille van hul oë gaan afval wanneer die Heilige Gees hul deur God se oë na ander gaan laat kyk. Dit het inderdaad so met Petrus en die mede Jode in Hand 10 gebeur. So leer Paulus die gelowiges in onder andere Efes. 2:11-22 en in Rom 4. Deur wie se oë kyk ek en jy vandag? En as die skille reeds van ons oë af geval het hoe geduldig/genadig is ons met die wat nog ou dissipel-maniere openbaar?

AMEN